# Bome van die Bybel

# Palmboom

## Inleiding

Ons bevind onsself hierdie week in die herdenking van die belangrikste week van die geskiedenis. Daar was nog nooit so week, soos hierdie nie. Reeds van Exodus 12, waar God die Paasfees instelling van die Pasga aangekondig het, het hierdie week 'n betekenis en 'n gevolg soos geen ander week van die jaar nie. Die Ewigheid is verander deur die week. 'n Jaaroud rammetjie moes eenkant gesit word op die 10de van die maand en op die 14de van die maand geslag word.

Jesus die Lam van God ry op die 10de op Palmsondag in Jerusalem in op 'n donkie terwyl die volk Hom erken as die Messias. Hulle gooi klere en palmtakke voor Hom neer en sing: Hosanna aan die Seun van Dawid! Die Lam van God word "eenkant gesit" en ondersoek of Hy waardig is. Op 14 Nisan word die Lam van God geslag, drie uur daardie middag, net voor Hy Sy laaste asem uitblaas sê Hy: Dit is betaal! (Tetelestai) Ons bevind ons in DAARDIE week!

Die Palmboom is sekerlik een van die bekendste boomsoorte in die wêreld. Meeste mense droom daarvan om onder die skadu van 'n palmboom te lê en luister na die rustige klanke van branders wat breuk en voëltjies wat fluit. Die palmboom is ook 'n simbool van oorwinning en eer soos in die geval van Dawid wat van die slagveld teruggekeer het nadat hy vir Goliat oorwin het. Die vroue van die dorp kom hom tegemoet al singende en waai palmtakke.

**Lees: Markus 11:1-10. (Lees ook Johannes 12:12,13)**

Toe julle as groep hierdie verhaal gelees het watter emosies het dit by jou opgewek?

Vrae om te bespreek:

Wat maak jou opgewonde oor hierdie verhaal?

Wat maak jou hartseer oor hierdie verhaal?

Hoe sal jy hierdie verhaal gebruik om jouself of iemand te inspireer?

INHOUD


Inleiding

Vergelyking

Struktuur

Wortels, Stam, Takke en Vrug

Slot



marius@ahavah.org.za

www.ahavah.org.za




Ahavah

## Vergelyking

Die Bybel gebruik ook in **Psalm 92** 'n vergelyking waar die kind van God (die regverdige) met 'n palmboom vergelyk word.

**Lees: Psalm 92: 8-15 (Sommige vertalings :9-15)**

Die vergelyking wat getref word in vers 12 (13) word gevolg in die volgende paar verse met 'n paar uitvloeisels of gevolge.

Hier word bespreek wat in 'n regverdige persoon (kind van God) se lewe sigbaar behoort te wees.

Hoe ons moet optree en leef.

**Watter uitvloeisels kan jy in die volgende verse hierna raaksien?**

**Hoe kan ons as kinders van God hierdie uitvloeisels toepas in ons eie lewens?**

## Struktuur van die Palmboom

Die Palmboom se struktuur en samestelling kan ook vir ons dieper betekenis inhou. Bome bestaan hoossaaklik uit vier dele, wortels, stam en vertakkings, blare en vrug.



**A. Die Wortelstelsel**

i} Bywortelstelsel

Die Palmboom het 'n bywortelstelsel, wat beteken dat daar nie 'n spesifieke penwortel is wat die meeste van die verantwoordelikheid dra nie. Alle wortels is ewe belangrik!

In die Koninkryk van God is geen mens belangriker as die ander nie, as ons suksesvol 'n verskil wil maak in die Koninkryk, het ons mekaar nodig. Elke kind van God speel 'n rol, almal het gawes, talente, sterkpunte ensovoorts om na die "tafel te bring" om die Liggaam van Christus meer effektief te laat funksioneer.

Watter Skrifgedeelte/s kan julle as groep aan dink wat mense kan motiveer om hul gawes te gebruik en om elke klein "worteltjie" rondom die boom te inspireer om sy deel te doen?

**Lees: 1 Korintiërs 12:7-25**

Hoe kan die Skrif jou aanspoor om jou deel as "worteltjie" te doen vir die Boom?

Waarskuwing: Daar is baie wie die hoof wortel wil wees, ego's en eie koninkryke kan DIE KONINKRYK skade doen! Maak seker dat jy as wortel deur Hom gevoed en opgebou word (Psalm 127:1)

ii} Wortels is versprei

Wanneer die winde, orkane en storms van die lewe die Palmboom aanval, help elke wortel om die boom "gegrond" te hou. Hulle is versprei rondom die boom en elkeen deel die verantwoordelikheid en staan in eenheid vir die behoud van die BOOM Hoe kan jy hierdie feit hierbo toepas in die Omgeegroep, gemeente, jou gesin ensovoorts?

**Ons het een gesamentlike taak: Matteus 28:19 – Lees hierdie vers saam met vers 20, juis om moed ete skep vir die opdrag.**

As elke wortel sterker word en dieper groei en nog wortels uit hom laat Groei, sal die Boom gesond wees!

**Hoe kan jy deel word van hierdie opdrag?**

**Identifiseer iemand in jou sirkel van invloed wat die Goeie Nuus van die Evangelie moet hoor. Wanneer gaan jy hul daarvan vertel?**

**B. Die Stam**

i} Dik Stam



Die dik stam beskerm die voedings are wat binne die stam loop na die vrug van die boom toe.

Ons kan daagliks aanvalle verwag van die vyand, wat ons voedingsare wil seermaak en verwoes.

**Hoe kan jy jou voedingsare beskerm?** **Lees: Efesiërs 6:12-18**

Moenie sy aanvalle onderskat nie, die Bybel vergelyk hom met 'n honger leeu!
(1 Petrus 5:8)

ii} Slegs Een Stam

Daar is min Palmbome waarin jy 'n mik sal vind. Palms is bekend daarvoor dat hulle net een stam het. Geen vertakkings, verdeelde lojaliteite nie. God sê ons moet Hom alleen dien, want Hy is 'n jaloerse God. Ons word ook gewaarsku in Matteus 6:24 om te kies tussen Hom en ander prioriteite.

Verdeelde lojaliteite bring 'n val mee! Eendrag maak mag!

Watter dinge in jou lewe keer jou op hierdie stadium om voluit, eenhonderd persent God te volg? Wat gaan jy daaromtrent doen?

**C. Die Takke**



i} Immergroen

Palmtakke is groen, altyd groen! Dit is 'n getuienis van lewe

As regverdige moet ons ook so getuienis hê.

**Lees: Jeremia 17:8**

Watter "immergroen" eienskappe word hier beskryf? (Hoe moet ons lewens lyk?)

Groen beteken lewe, lewe beteken groei, groei beteken vooruitgang en vrug.

ii} Maklik Herkenbaar

Byna enige persoon ter wêreld weet hoe 'n Palmboom lyk.

Byna enige persoon weet ook hoe ware Godsvrug lyk, ja baie weet hoe dit lyk en soek dit aan ander mense. Mense is gou om jou te beskuldig as jy volgens hulle nie soos 'n Christin in hul standaard optree nie. Ons is dikwels, die enigste "Bybel" wat mense lees. Hulle lees ons lewens en ons optrede en oordeel gou.

My vraag is nie hoe verkeerd en onregverdig dit is nie, maar eerder is jou en my lewe herkenbaar as kind van God? Kan mense God in ons sien , of herken? Hoe kan jy dit verbeter?

**D. Die Vrug**

i} Bo in die Boom

Vrug word nie weggesteek nie, tensy jy daarvoor skaam is

Die Palmboom dra sy vrug met trots bo in die boom!

Hoe lyk jou vrug?

**Lees: Matteus 3:8**

Vrug pas by die boom!

Ons vrug moet 'n lieflike geur wees vir ander, nie "n grillerige spul nie.

Vrug BO! Baie vrug (Sien Johannes 15:1-8; Mat 13:8)



ii} Unieke Vrug

**Lees: Matteus 7:16**

'n Kind van God se vrug is anders as die van 'n onregverdige

Wat is die nut daarvan om vrug te dra wat net soos die res lyk?

Hoe kan jy verseker dat jou vrug uniek is?

Unieke vrug, het meer waarde! Hoe skaarser die vrug, hoe hoër prys behaal dit op die mark!

As regverdiges (Kinders van God) moet ons vrug uniek wees (Skaars)

Dit kos meer want die aanvraag daarvoor is hoër, die prys ook!

**Lees: Galasiërs 5:16-22**

Hoe kan hierdie gedeelte jou help of aanspoor om unieke vrug te dra?

## Slot

Kom ons wees nie net Palmbome, en gooi Palmtakke op die grond en skreeu Hosanna aan die Seun van Dawid op 'n Sondag soos die Jode nie, maar kom ons wees 365 - 24/7 kinders van God wat as regverdige Palmbome uitstaan bo die res sodat hul HOM in ons kan sien en ervaar.

**Ahavah Groete**

**Marius**